



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2019

GEOGRAFIE V1

PUNTE: 225

TYD 3 uur



★ I G E O G A 1 ★

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Moet NIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Die puntetoekenning is soos volg: (2 x 1) (2) beteken dat TWEE feite vir EEN punt elk verwag word
(2 x 2) (4) beteken dat TWEE feite vir TWEE punte elk verwag word
9. As woorde/aksiewerkwoorde soos **Noem, Identifiseer, Verskaf, Klassifiseer** in 'n vraag gebruik word, is EENwoord-antwoorde aanvaarbaar.
As woorde/aksiewerkwoorde soos **Bespreek, Definieer, Verduidelik, Lewer Kommentaar, Evalueer, Regverdig, Stel voor** en **Staaf** in 'n vraag gebruik word, word VOLSINNE of frases verwag.
Alle paragraafvrae moet in VOLSINNE beantwoord word.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KLIMATOLOGIE EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1**

- 1.1 Kies 'n term in KOLOM B wat by die klimatologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) van jou keuse langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Die hoek van die aardas soos die aarde roteer	A	omwenteling
1.1.2	Beweging van die aarde rondom die son	B	wentelbaan
1.1.3	Inkomende sonstraling	C	ewening
1.1.4	Die roete wat die aarde rondom die son beweeg	D	insolasie
1.1.5	Bestraling vanaf die aarde	E	terrestriële radiasie
1.1.6	As die een halfrond na die son gekantel is op 21 Desember	F	breedtelyn
1.1.7	Wanneer nie een van die halfronde na die son of weg vanaf die son gekantel is nie	G	parallellisme
1.1.8	Die lyn tussen die ligte en donker helftes van die aarde	H	sirkel van verligting
		I	sonstilstand

(8 x 1) (8)

- 1.2 Verwys na FIGUUR 1.2 wat hellingelemente toon. Pas die beskrywings hieronder by die hellingselemente **A**, **B**, **C** of **D**. Kies die antwoord en skryf slegs die letter **A**, **B**, **C** of **D** langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.8 A. Jy mag dieselfde letter meer as een keer kies.

1.2.1 Hierdie hellingselement het gewoonlik 'n konvekse vorm

1.2.2 Die steilste hellingselement

1.2.3 Knakpunte vorm op die basis van hierdie hellingselement

1.2.4 Die hoek is 40° en min plantegroei kom daarop voor

1.2.5 Die vorm van die helling element is konkaf

1.2.6 Die geleidelike gradiënt van hierdie hangelement is geskik vir boerdery en nedersettings

1.2.7 Hierdie hellingselement staan oor die algemeen bekend as die talus, scree of puinhang

(7 x 1) (7)

1.3 FIGUUR 1.3 toon 'n moesonwind.

- 1.3.1 Waarom is 'n moesonwind 'n voorbeeld van 'n streekswind? (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Waarom word daar na moesonwinde as seisoenale winde verwys? (1 x 2) (2)
- 1.3.3 Bespreek die rol wat die Himalaja-gebergtes in die wintermoeson speel. (2 x 2) (4)
- 1.3.4 Hoe ontwikkel die somermoeson? (2 x 2) (4)
- 1.3.5 Verduidelik die negatiewe impak wat die somermoeson op die mense van Indië het. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na die strokiesprent in FIGUUR 1.4 wat droogte in Kaapstad uitbeeld.

- 1.4.1 Wat is 'n *droogte*? (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Watter bewyse in die strokiesprent stel voor dat Kaapstad 'n hidrologiese en 'n meteorologiese droogte ervaar? (2 x 1) (2)
- 1.4.3 Verduidelik hoe 'n hidrologiese droogte landbou tekorte kan veroorsaak. (2 x 2) (4)
- 1.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel moontlike strategieë voor wat die munisipaliteit van Kaapstad kan implementeer om te verhoed dat Kaapstad in die toekoms watertekorte ervaar. (4 x 2) (8)

1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 **A** en **B** wat topografie wat met massiewe stollingsgesteentes geassosieer word, illustreer.

- 1.5.1 Wat is die verskil tussen *intrusiewe* en *ekstrusiewe stollingsgesteentes*? (2 x 1) (2)
- 1.5.2 Identifiseer stollingslandvorme **X** en **Y**. (2 x 1) (2)
- 1.5.3 Hoe ontstaan landvorm **X**? (2 x 1) (2)
- 1.5.4 Noem TWEE kenmerke sigbaar in skets **A**, wat tipies van 'n batoliet is. (2 x 1) (2)

1.5.5 Verwys na foto **B**, 'n koepelvormige landvorm.

- (a) Watter tipe stollingsgesteente is kenmerkend van hierdie koepelvormige landvorm? (1 x 1) (1)
- (b) Is hierdie koepelvormige landvorm 'n voorbeeld van 'n intrusiewe of ekstrusiewe stollingsgesteente? (1 x 1) (1)
- (c) Noem die tipe verwering wat op hierdie koepelvormige landvorm voorkom. (1 x 1) (1)
- (d) Verduidelik hoe hierdie koepelvormige landvorm ontstaan het. (2 x 2) (4)

1.6 FIGUUR 1.6 toon hellingterugtrekking wat 'n teorie van hellingontwikkeling is.

- 1.6.1 Noem die Suid-Afrikaner wat die teorie van helling/parallelterugtrekking geformuleer het. (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Gee bewyse om voor te stel dat die teorie van helling/parallelterugtrekking op die skets aangetoon word. (2 x 1) (2)
- 1.6.3 Bespreek die rol wat 'n verskil in klimaat kan speel in die bepaling van die verskillende teorieë van hellingontwikkeling. (2 x 2) (4)
- 1.6.4 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls om te verduidelik hoe die teorie van hellingafname met die teorie van hellingterugtrekking verskil. (4 x 2) (8)

[75]

VRAAG 2

- 2.1 Kies 'n term in KOLOM B wat by die klimatologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) van jou keuse langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.8 J.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Hierdie krag deflekteer winde na links in die suidelike halfrond	A	verwoestyning
2.1.2	Dit is 'n teoretiese wind wat die resultaat van 'n presiese balans tussen twee kragte is	B	Mediterreens
2.1.3	'n Warme, droë wind, wat by die Rotsgebergtes van Amerika daal	C	woestyn
2.1.4	Warm, droë somers en koel, nat winters beskryf hierdie klimaatstreek	D	coriolis
2.1.5	Word deur menslike aktiwiteite en klimaatverandering veroorsaak	E	drukgradiënt
2.1.6	Die krag wat veroorsaak dat lug vanaf 'n hoëdruk na 'n laëdruk beweeg	F	Chinook
2.1.7	Hoë daaglikse temperatuurspeling, met baie min reënval beskryf hierdie klimaatstreek	G	Savannah
		H	geostrofies

(7 x 1) (7)

- 2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat 'n cuesta en 'n hogsback illustreer. Pas elk van die onderstaande beskrywings by skets **A** of **B**.

- 2.2.1 Kan in 'n koepel of bekken vorm
- 2.2.2 Dit het 'n steil eskarphelling en 'n geleidelike duikhelling
- 2.2.3 Die eskarphelling is meer as 45°
- 2.2.4 Dit is 'n geskikte ligging vir damme
- 2.2.5 'n Voorbeeld van hierdie rug kan by Alice in die Oos-Kaap gevind word
- 2.2.6 Die geleidelike duikhelling kan vir boerdery gebruik word
- 2.2.7 Bestaan uit steil skuins rotslae
- 2.2.8 Gevorm deur geleidelik gekantelde rotslae

(8 x 1) (8)

2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3 wat met die El Niño -gebeurtenis verband hou.

- 2.3.1 Wat is die *El Niño-gebeurtenis*? (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Noem die volgende vanaf die sketse:
- (a) Die globale winde by **A**. (1 x 1) (1)
- (b) Die lugsirkulasie-sel by **B**. (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Verduidelik hoe die El-Niño-gebeurtenis ontwikkel. (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Bespreek die invloed van die koue water by **C** op die visserij-industrie van die weskus van Suid-Amerika. (2 x 2) (4)
- 2.3.5 Beskryf hoe die El-Niño-gebeurtenis die akkerbou aan die oostelike dele van Australië beïnvloed. (2 x 2) (4)

2.4 FIGUUR 2.4 toon 'n diagram van die driesel-rangskikking.

- 2.4.1 Wat is *globale winde*? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Noem die verhouding tussen globale winde en die driesel-rangskikking. (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Bespreek hoe corioliskrag die horisontale beweging in die skets affekteer. (2 x 2) (4)
- 2.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, beskryf hoe die sirkulerende selle tussen die ewenaar en die pole ontwikkel. (4 x 2) (8)

2.5 Bestudeer FIGUUR 2.5, 'n foto van rotsstortings wat 'n tipe massabeweging is.

- 2.5.1 Wat is *massabeweging*? (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Noem enige EEN faktor sigbaar op die foto wat massabeweging bevorder. (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Watter bewyse op die foto dui aan dat rotsstortings voorgekom het? (1 x 1) (1)
- 2.5.4 Hoe verskil rotsstortings van grondverskuiwings met betrekking tot die bewegingspoed? (1 x 2) (2)
- 2.5.5 Stel TWEE redes voor waarom rotsstortings as gevaarlik vir menslike aktiwiteite beskou word. (2 x 2) (4)
- 2.5.6 Bespreek strategieë wat geïmplementeer kan word om die effek van rotsstortings te verminder. (3 x 2) (6)

2.6 FIGUUR 2.6 toon twee verskynsels van die Karoo-landskap wat met horisontaalliggende gesteentes geassosieer word.

2.6.1 Pas die tipes Karoo-landskap (butte en mesa) by die volgende stellings:

(a) Plat kruin het 'n groter breedte as hoogte (1 x 1) (1)

(b) Plat kruin het 'n groter hoogte as breedte (1 x 1) (1)

2.6.2 Waarom het beide hierdie landvorme steil, konkawe hellings? (1 x 1) (1)

2.6.3 Beskryf die kaprots van hierdie landskappe. (1 x 2) (2)

2.6.4 Verduidelik die betekenis van die kaprots op hierdie landskappe. (1 x 2) (2)

2.6.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe topografie geassosieer met horisontaalliggende gesteentes voordelig en ook 'n struikelblok vir menslike aktiwiteit kan wees. (4 x 2) (8)

[75]

AFDELING B: ONTWIKKELINGSGEOGRAFIE EN HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID

VRAAG 3

- 3.1 Pas die onderstaande ontwikkelingsmodelle by die beskrywing wat daarop volg. Kies die antwoord en skryf slegs die naam van die korrekte model langs die vraagnommer (3.1.1– 3.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

KERN-PERIFERIE	VRYEMARK	VOLHOUBAARHEID
----------------	----------	----------------

- 3.1.1 Hierdie model sluit die ekonomie, gemeenskap en omgewing in
- 3.1.2 Friedman het hierdie model ontwikkel en dit kan op verskillende skale toegepas word
- 3.1.3 Lande moet deur vyf fases van ontwikkeling in hierdie model gaan
- 3.1.4 Hoë massaverbruik word gesien as die uiteindelijke doelwit van hierdie model
- 3.1.5 Hierdie model is miskien die mees inklusiewe van al drie modelle deesdae
- 3.1.6 'n Hoofstad met 'n hawe en industrieë is sentraal in hierdie model
- 3.1.7 Modernisering en kapitalisme is kenmerkend van hierdie model
- 3.1.8 Een van die veronderstelde sterk punte van hierdie model is dat ekonomiese ontwikkeling sal versprei (8 x 1) (8)

- 3.2 Kies 'n term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) van jou keuse langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.2.8 J.

KOLOM A	KOLOM B
3.2.1 Kan nie vervang word as uitgeput is nie	A Kioto-protokol
3.2.2 'n Tipe besoedeling wat plantlewe kan verswak of doodmaak	B hulpbron
3.2.3 'n Mineraal wat gebruik word om kernkrag op te wek	C nie-hernieubaar
3.2.4 Water, lug en sonenergie is voorbeelde van hierdie tipe hulpbron	D hernieubaar
3.2.5 Hoeveelheid koolstofdioksied wat deur 'n persoon in die atmosfeer vrygestel word	E radio-aktiewe afval
3.2.6 'n Ooreenkoms om die aantal kweekhuysgasse te verminder	F koolstofvoetspoor
3.2.7 Materiaal of 'n produk wat mense nuttig vind	G uraan
	H suurrreën

(7 x 1) (7)

3.3 Bestudeer FIGUUR 3.3 wat 'n spotprent oor ontwikkelingshulp aantoon.

- 3.3.1 Wat is *ontwikkelingshulp*? (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Noem enige vorm van ontwikkeling wat tussen lande uitgeruil kan word. (1 x 1) (1)
- 3.3.3 Verteenwoordig die man by **A** 'n ontwikkelde land (MDC) of 'n ontwikkelende land (LDC)? (1 x 1) (1)
- 3.3.4 Stel 'n moontlike rede vir jou antwoord by VRAAG 3.3.3 voor. (2 x 1) (2)
- 3.3.5 Bespreek waarom hierdie strokiesprent 'n voorbeeld van voorwaardelike ontwikkelingshulp is. (1 x 2) (2)
- 3.3.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik waarom tegniese ontwikkelingshulp meer voordele vir ontwikkelende lande (LDC) inhou. (4 x 2) (8)

3.4 FIGUUR 3.4 is 'n infografika wat die afhanklikheid van Sub-Sahara lande op Chinese handel, aantoon.

- 3.4.1 Definieer die term *uitvoer-gedrewe ontwikkeling*. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Wat word meestal deur China ...
- (a) vanaf sub-Sahara Afrika ingevoer? (1 x 1) (1)
- (b) na sub-Sahara Afrika uitgevoer? (1 x 1) (1)
- 3.4.3 Lewer kommentaar oor die verhouding tussen Suid-Soedan en Angola aangaande hulle handelsblootstelling aan China. (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Beskryf die handelsverhouding tussen sub-Sahara Afrika en China in 2010 en 2016 onderskeidelik. (2 x 2) (4)
- 3.4.5 Verduidelik hoe invoervervanging (ontwikkeling van industrieë) die plaaslike ekonomie van sub-Sahara lande sal bevoordeel. (3 x 2) (6)

3.5 Lees die uittreksel in FIGUUR 3.5 wat na Eskom en beurtkrag verwys.

- 3.5.1 Wat is *beurtkrag*? (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Volgens die uittreksel, stel TWEE moontlike oorsake van beurtkrag voor. (2 x 1) (2)
- 3.5.3 Hoe benadeel die kragstasies (foto) die omgewing? (2 x 2) (4)
- 3.5.4 Waarom is Suid-Afrika so afhanklik van steenkool as 'n vorm van elektrisiteit? (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Verduidelik waarom die vermindering van die land se steenkoolafhanklikheid 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie sal hê. (2 x 2) (4)

3.6 FIGUUR 3.6 toon illustrasies oor grondbewaring.

- 3.6.1 Wat is *gronderosie*? (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Noem die strategieë wat gebruik word om gronderosie by **A** en **B** te verminder. (2 x 1) (2)
- 3.6.3 Verduidelik hoe die roterende strategie by **C** sal help om gronderosie te verminder. (2 x 2) (4)
- 3.6.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek redes waarom grondbestuur belangrik vir boere is. (4 x 2) (8)

[75]

VRAAG 4

- 4.1 Kies 'n term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) van jou keuse langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.8 J.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	'n Ekonomiese aanwyser wat lewensverwagting en opvoedingsvlak kombineer	A	bruto binnelandse produk
4.1.2	Die totale waarde van alle goedere en dienste wat binne 'n jaar deur 'n land geproduseer word, insluitende buitelandse verdienste	B	betalingbalans
4.1.3	Die indeks wat die mate van ongelykheid tussen mans en vroue in 'n land aandui	C	handelsbalans
4.1.4	Die verhouding tussen die waarde van 'n land se invoere en uitvoere	D	Gini-koëffisiënt
4.1.5	Finansiële opsomming van alle betalings wat deur 'n land gemaak is	E	bruto nasionale produk
4.1.6	Die totale waarde van goedere en dienste geproduseer binne die grense van 'n land in 'n jaar	F	geslagsgelykheid-indeks
4.1.7	'n Ekonomiese aanwyser waar 'n telling van 1 algehele ongelykheid in 'n land aantoon	G	demografiese aanduider
		H	menslike ontwikkelings-indeks

(7 x 1) (7)

- 4.2 Verwys na FIGUUR 4.2 oor verskillende nie-konvensionele energiebronne. Pas die beskrywings hieronder by een van die energiebronne. Jy mag meer as een keer 'n bron van energie gebruik. Kies die antwoord en skryf slegs die korrekte bron van energie langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 4.2.1 Energie wat uit natuurlike organiese materiaal gevorm word
- 4.2.2 Hierdie energiebron is onbetroubaar op kalm dae
- 4.2.3 Fotovoltaïese panele omskep die son se lig in elektrisiteit
- 4.2.4 Energie wat van onder die aardoppervlak afkomstig is
- 4.2.5 Hierdie tipe energiebron kan voedseltekorte veroorsaak
- 4.2.6 Die Noord-Kaap in Suid-Afrika is een van die beste plekke vir hierdie energiebron
- 4.2.7 Hierdie energiebron kan akwatiese (water) ekosisteme beskadig
- 4.2.8 Die nadeel van hierdie energiebron is dat dit die voëllewe op die platteland bedreig (8 x 1) (8)
- 4.3 Bestudeer FIGUUR 4.3 wat 'n strokiesprent oor handelsverhoudings aantoon.
- 4.3.1 Definieer 'n *handelsversperring*. (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Noem TWEE voorbeelde van handelsversperrings. (2 x 1) (2)
- 4.3.3 Waarom, dink jy, wil die man by **A**, 'Weg met handelsversperrings' hê? (2 x 1) (2)
- 4.3.4 Waarom protesteer die groep mense by **B** teen die verwydering van handelsversperrings? (2 x 1) (2)
- 4.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die positiewe impak wat regverdige handel op 'n ontwikkelende land sal hê. (4 x 2) (8)

4.4 FIGUUR 4.4 toon globalisering.

- 4.4.1 Definieer die term *globalisering*. (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Noem EEN voordeel wat globalisering aan migrante bied. (1 x 1) (1)
- 4.4.3 (a) Waarvoor staan die afkorting MNK? (1 x 1) (1)
- (b) Noem TWEE voorbeelde van MNK's wat in FIGUUR 4.4 uitgebeeld word. (2 x 1) (2)
- (c) Lewer kommentaar op die verhouding tussen globalisering en MNK's. (1 x 2) (2)
- (d) Verduidelik hoe ontwikkelende lande voordeel kan trek uit MNK's wat in hul land gevestig is. (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Hoe kan die ekonomiese effekte van globalisering die omgewing benadeel? (2 x 2) (4)

4.5 Lees die inligting oor die Groen Ekonomie in FIGUUR 4.5.

- 4.5.1 Definieer die term *Groen Ekonomie*. (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Lewer kommentaar op die verhouding tussen die Groen Ekonomie en volhoubare ontwikkeling. (1 x 2) (2)
- 4.5.3 Bespreek TWEE veranderinge wat in ons huidige gebruik van energiebronne geïmplementeer kan word om ons ekonomie groener te maak. (2 x 2) (4)
- 4.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die Departement van Omgewingsake nywerhede kan aanmoedig om deel van die Groen Ekonomie te word. (4 x 2) (8)

4.6 Verwys na FIGUUR 4.6 wat kernkrag as 'n energiebron illustreer.

- 4.6.1 Is kernkrag 'n voorbeeld van 'n *konvensionele* of 'n *nie-konvensionele* energiebron? (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Verskaf 'n rede vir jou antwoord by VRAAG 4.6.1. (1 x 1) (1)
- 4.6.3 Haal bewyse uit die tekenprent aan wat aandui dat die man teen die afbreek van die kernkragsentrale gekant is. (1 x 1) (1)
- 4.6.4 Onderskei tussen *fossielbrandstof* en *kernkrag* aangaande hulle kweekhuisgasvrystelling. (1 x 2) (2)
- 4.6.5 Bespreek TWEE redes waarom fossielbrandstof se pryse hoog is. (2 x 2) (4)
- 4.6.6 Verduidelik DRIE voordele vir die ekonomie van 'n land, wat kernkrag gebruik. (3 x 2) (6)

[75]

TOTAAL: 225



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11


NOVEMBER 2019

**GEOGRAFIE V1
BYLAE**



Hierdie bylae bestaan uit 11 bladsye.

FIGUUR 1.2: HELLING-ELEMENTE






[Bron: sageography.myschoolstuff.co.za]

FIGUUR 1.3: MOESON-WIND




[Bron: mr.dowling.com]

FIGUUR 1.4: DROOGTE IN KAAPSTAD[BRON: www.cartoonaday.com]**FIGUUR 1.5: TOPOGRAFIE GEASSOSIEER MET MASSIEWE STOLLINGSGESTEENTES**[Bron: Indiana.edu][Bron: <https://www.google.com/search?q=DOME+SHAPED+LANDFORMS&rlz=1C1SQJL>]


FIGUUR 1.6: TEORIE VAN ESKARP-TERUGTREKKING

[Bron: <https://www.google.com/search?q=scarp+retreat>]


FIGUUR 2.2: HELLENDE STRATA

[Bron: https://www.google.com/search?rlz=INCLINED&gs_l=img.]

FIGUUR 2.3: EL NIÑO

[Bron: wordpress.com]

FIGUUR 2.4: DRIESEL-RANGSKIKKING

[Bron: slideplayer.com]


FIGUUR 2.5: ROTSSTORTINGS

[Bron: newstj]


FIGUUR 2.6: KAROO-LANDSKAPPE

[Bron: jpeg;base64]

FIGUUR 3.3: ONTWIKKELINGSHULP

[Bron: www.cartoonmovement.com]

FIGUUR 3.4: CHINA SE HANDEL MET SUB-SAHARA AFRIKA

[Bron: <https://www.google.com/search?q=china%27s+trade+with+africa&rlz=1C1SQJL>]


FIGUUR 3.5: ESKOM EN BEURTKRAG**Eskom sê steenkoolvoorraade het verbeter, maar die risiko vir beurtkrag bly steeds dieselfde**

[Aangepas uit *fin24* article deur Kumalo and Omarjee]

Die kragvoorsiener Eskom, sê sy steenkoolvoorraad het gedurende die feestyd verbeter, aangesien dit ook instandhouding by kragstasies gedoen het, maar die land se kragstelsel is steeds beperk en beurtkrag bly 'n risiko wanneer ondernemings en industriële kliënte volgende week weer werk toe gaan.


Phakamani Hadebe, uitvoerende hoof van Eskom, het in Desember in 'n onderhoud met die Johannesburgse Radio 702 gesê dat daar 'n kans is dat die skuldbelaaide kragvoorsiener vanaf 15 Januarie Fase-1 beurtkrag kan instel, aangesien ondernemings wat groot verbruikers van elektrisiteit is, na die einde-van-die-jaar vakansie sal heropen.

Aan die einde van November en begin Desember 2018, het die kragondernemer herhaaldelik landwye elektrisiteits-afskakeling ingestel weens probleme met die voltooiing van geskeduleerde en ongeskeduleerde instandhouding by kragsentrales, sowel as skade aan die kragtransmissielyste wat Suid-Afrika met die Cahora Bassa-hidro-elektriese dam in Mosambiek verbind.

FIGUUR 3.6: ILLUSTRASIES OOR GRONDBEWARING

[Bron: slideplayer.com]

FIGUUR 4.2: NIE-KONVENTSIONELE ENERGIEBRONNE

[Aangepas uit [slidesharecdn.com](https://www.slidesharecdn.com)]

FIGUUR 4.3: HANDELSVERHOUDINGS

[Bron: economicfiles.wordpress.com]

FIGUUR 4.4: GLOBALISERING EN MNK's

[Bron: slidesharecdn.com]

FIGUUR 4.5: NA 'N GROEN EKONOMIE

GROEN EKONOMIE

- Gedefinieer as Suid-Afrika se volhoubare ontwikkeling in aksie
- 'n Sisteem van ekonomiese aktiwiteite wat lei tot beter menslike welstand, terwyl toekomstige geslagte nie blootgestel word aan beduidende omgewingsrisiko's of ekologiese skaarste nie
- Ontkoppeling van die gebruik van hulpbronne en omgewingsimpakte van ekonomiese groei
- Dit word gekenmerk deur 'n aansienlike verhoogde belegging in groen sektore, ondersteun deur haalbare beleidshervormings



environmental affairs
Department of Environmental Affairs
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



CITY OF TSHWANE




NATIONAL GREENING



Green Economy
for Sustainable Development

[Vry vertaal uit urbanafrica.net]

FIGUUR 4.6: ENERGIEBRONNE



[Bron: <https://www.google.com/search?q=cartoons+on+non+conventional+energy>]



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2019

**GEOGRAFIE V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 225

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

AFDELING A: KLIMATOLOGIE EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 G (parallellisme) (1)
- 1.1.2 A (omwenteling) (1)
- 1.1.3 D (insolasie) (1)
- 1.1.4 B (wentelbaan) (1)
- 1.1.5 E (terrestriële radiasie) (1)
- 1.1.6 I (sonstilstand) (1)
- 1.1.7 C (eweninge) (1)
- 1.1.8 H (sirkel van verligting) (1) (8 x 1) (8)
- 1.2 1.2.1 A (1)
- 1.2.2 B (1)
- 1.2.3 C (1)
- 1.2.4 B (1)
- 1.2.5 D (1)
- 1.2.6 D (1)
- 1.2.7 C (1) (7 x 1) (7)
- 1.3 1.3.1 Hierdie winde affekteer klein/sekere gebiede (1) (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Weerstoestande gedurende die winter en somer is verskillend (2)
 Drukstelsels verander oor die land in die winter en somer (2)
 Die wind verander rigting gedurende die seisoene as gevolg van die
 verskil in die drukstelsels oor die land (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.3.3 Hoë druk oor Sentraal-Asië gedurende die winter (2)
 Lug beweeg van die binneland na die oseaan en daal teen die
 Himalaja-berge (2)
 Die lug verhit adiabaties en 'n warm, droë wind bereik Indië (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 1.3.4 Gedurende die somer beweeg die ITCZ suidwaarts (2)
 Land word vinniger verhit as die oseaan (2)
 Lae druk ontwikkel oor die land en 'n hoë druk oor die oseaan (2)
 Vogtige lug word vanaf die oseaan na die land getrek, wat
 stormagtige reënbuie bring (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.3.5 Lewensverlies weens swaar reënval (2)
 Oorstromings vernietig huise (2)
 Oorstroming van landbougrond veroorsaak voedseltekorte (2)
 Noodsaaklike infrastruktuur word weggespoel (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.4 1.4.1 Min of geen reënval oor 'n lang tydperk (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 1.4.2 **Hidrologiese droogte**
 Stad gaan uit water loop – April 21 (1)
- Meteorologiese droogte**
 Skroeiende son, sonder kans vir reënval (1) (2 x 1) (2)
- 1.4.3 Waterbergingsfasiliteite word droog en geen besproeiing is
 moontlik nie (2)
 Dit sal 'n afname in die landbou-opbrengs veroorsaak, daarom is
 minder voedsel beskikbaar vir inwoners van Kaapstad (2) (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Stel waterbeperkings in stedelike gebiede in (2)
 Bou meer waterbergingsfasiliteite soos damme (2)
 Neem aan ontsoutingsprojekte deel as 'n ander bron van water (2)
 Ondersoek die moontlikheid van inter-bekken-waterskemas (2)
 Navorsing oor El Niño weer en klimaatsverandering (2)
 Hersirkulering van water (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
- 1.5 1.5.1 Intrusiewe stollingsgesteentes kom voor wanneer gesmelte
 gesteente onder die aardoppervlak stol (1) en ekstrusiewe
 stollingsgesteentes kom voor wanneer gesmelte gesteentes bo die
 aardoppervlak stol (1) (2 x 1) (2)
- 1.5.2 **X** – Lakkoliet (1)
Y – Gang (1) (2 x 1) (2)
- 1.5.3 Magma word tussen die rotslae naby die oppervlak gedruk (1)
 Die druk van die magma veroorsaak dat die rotslae opwaarts buig
 (1)
 (2 x 1) (2)

1.5.4	Kom in groot dieptes onder die aardoppervlak voor (1) Is 'n groot massa rots sonder enige lae (Is massief) (1) Dit het nie 'n vloer nie (1) [ENIGE TWEE]	(2 x 1)	(2)
1.5.5	(a) Graniet (1)	(1 x 1)	(1)
	(b) Intrusief (1)	(1 x 1)	(1)
	(c) Eksfoliasie (1)	(1 x 1)	(1)
	(d) Massa magma word opwaarts geforseer (2) Wanneer oorliggende sedimentêre gesteentes geërodeer is, word die intrusie as 'n koepel aan die oppervlakte ontbloot (2) (2 x 2)		(4)
1.6	1.6.1 LC King (1)	(1 x 1)	(1)
	1.6.2 Hellings erodeer parallel (1) Die hoogte bly dieselfde (1)	(2 x 1)	(2)
	1.6.3 'n Droë klimaat bevorder terugwaartse erosie en dus hellingterugtrekking (2) 'n Vogtige klimaat lei tot hellingafname (2) Temperatuurverskille tussen seisoene lei tot hellingvervanging (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
	1.6.4 Helling-afname Steil hellings aan die begin van die erosieproses (2) As gevolg van plaatvloei in vogtige streke, het die boonste hange vinniger geërodeer as die res van die helling (2) Die hoek van die helling daal (2) Die helling verloor hoogte en steilheid en sal uiteindelik tot 'n byna plat geërodeerde penevlakte lei (2) Helling-terugtrekking As gevolg van terugwaartse erosie beweeg die boonste steil eskarp- helling agtertoe en parallel met die helling (2) Die hoek van al die hellingselemente bly dieselfde (2) Daar is geen afname in die hoek van die helling nie (2) 'n Konkawe pediment vorm by die onderste dele van die krans (2) Soos die helling agtertoe beweeg, word die pediment groter (2) [ENIGE VIER – DIE VERSKIL TUSSEN DIE TEORIEË MOET DUIDELIK AANGEDUI WORD]	(4 x 2)	(8)
[75]			

VRAAG 2

- | | | | | |
|-----|-------|--|---------|-----|
| 2.1 | 2.1.1 | D (coriolis) (1) | | |
| | 2.1.2 | H (geostrofies) (1) | | |
| | 2.1.3 | F (chinook) (1) | | |
| | 2.1.4 | B (Meditereens) (1) | | |
| | 2.1.5 | A (verwoestyning) (1) | | |
| | 2.1.6 | E (drukgradiënt) (1) | | |
| | 2.1.7 | C (woestyn) (1) | (7 x 1) | (7) |
| 2.2 | 2.2.1 | A (1) | | |
| | 2.2.2 | A (1) | | |
| | 2.2.3 | B (1) | | |
| | 2.2.4 | A (1) | | |
| | 2.2.5 | B (1) | | |
| | 2.2.6 | A (1) | | |
| | 2.2.7 | B (1) | | |
| | 2.2.8 | A (1) | (8 x 1) | (8) |
| 2.3 | 2.3.1 | 'n Verandering in die gewone patroon van water- en lugsirkulasie in die Stille Oseaan / klimaatsverandering wat deur warmer toestande in die Stille Oseaan veroorsaak word (1)
[KONSEP] | (1 x 1) | (1) |
| | 2.3.2 | (a) Tropiese oostewinde/Passaatwinde (1) | (1 x 1) | (1) |
| | | (b) Walker-sirkulasie (1) | (1 x 1) | (1) |
| | 2.3.3 | Die verswakking van die Passaatwinde (2)
Sterker westewinde oor die Suid-Stille Oseaan (2)
Hoë druk ontwikkel oor Australië in plaas van lae druk (2)
Lae druk met swaar reën kom oor die sentrale Stille Oseaan in plaas van Australië voor (2)
[ENIGE TWEE] | (2 x 2) | (4) |

- 2.3.4 Koue waters veroorsaak opwelling (2)
 Hierdie bring voedingstowwe vir vis na die oppervlakte (2)
 Vis-industrie is winsgewend (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 2.3.5 Die afname in reënval veroorsaak droogte in Australië (2)
 Daar is 'n beduidende afname in landbouopbrengste (2)
 Dit lei tot minder uitvoer van gewasse (2)
 Dit sal duurder wees om gewasse te produseer (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 2.4 2.4.1 Winde wat gegenereer word deur globale lugsirkulasie en waai oor groot oppervlaktes van die aarde (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Die globale winde is verantwoordelik vir die driesel-rangskikking (2)
 (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Die winde deflekteer na links in die suidelike halfrond (2)
 Die winde deflekteer na regs in die noordelike halfrond (2) (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Die hoë temperatuur by die ewenaar veroorsaak dat lug verhit word en styg (2)
 Die stygende lug koel af en daal terug na die oppervlak by die 30° breedte (2)
 By die 30° breedtegraad vloei 'n deel van die oppervlaklug na die 60° breedtegraad en ander terug na die ewenaar (2)
 Die geslote sirkulasie van lug tussen 0° en 30° breedtegrade staan bekend as die Hadley-sel (2)
 Die lug van die sinkende oppervlak by die pole is koud en beweeg terug na die middelbreedtes van 60° (2)
 Lug konvergeer by die 60° waar die kouer lug vanaf die pole die warmer lug vanaf 30° breedtegrade dwing om te styg (2)
 In die boonste luglae by 60° breedtegrade, divergeer die lug na die pole en ander beweeg na 30° breedtegrade (2)
 Twee sirkulerende selle ontwikkel, tussen 30° en 60°, die Ferrell-sel (2)
 En tussen 60° en 90° die poolsele (2)
[ENIGE VIER – ONTWIKKELING VAN AL DRIE SELLE MOET BESKRYF WORD] (4 x 2) (8)
- 2.5 2.5.1 Beskryf hoe swaartekrag veroorsaak dat verweerde materiaal teen 'n helling afbeweeg (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Geen plantegroei op die helling (1)
 Steil helling (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Rotse en klippe opgestapel op die bodem van 'n helling (1) (1 x 1) (1)
- 2.5.4 Rotsstortings gebeur vinniger as grondverskuiwings (2) (1 x 2) (2)

2.5.5	Mag dood en beserings veroorsaak (2)		
	Skade aan eiendom en geboue (2)		
	Beskadig infrastruktuur (2)		
	Skade aan landbougrond (2)		
	[ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
2.5.6	Vangheinings om vallende rotse te vang (2)		
	Beton impak beskermingsafdakke (2)		
	Rotssperring – verwyder los of gevaarlike gesteentes (2)		
	Bou steunmure (2)		
	Aanplant van plantspesies met sterk wortelstelsels om boonste lae van die grond aanmekaar te bind (2)		
	[ENIGE DRIE]	(3 x 2)	(6)
2.6	2.6.1 (a) mesa (1)	(1 x 1)	(1)
	(b) butte (1)	(1 x 1)	(1)
2.6.2	Hulle is beide onderworpe aan hellingterugtrekking of terugwaartse erosie	(1 x 1)	(1)
2.6.3	Hard en weerstandbiedend (2)	(1 x 2)	(2)
2.6.4	Die kaprots erodeer nie afwaarts nie en laat die landskap sy hoogte hou (2)	(1 x 2)	(2)
2.6.5	VOORDELE		
	Indrukwekkende natuurskoon maak hierdie landskappe 'n toeriste-aantreklikheid (2)		
	Ontspanningsaktiwiteite soos voetslaan- of adrenaliensport kan op hierdie landskappe beoefen word (2)		
	Veeboerdery byvoorbeeld kan op die pedivlakte beoefen word (2)		
	STRUIKELBLOK		
	Droë klimaat in hierdie landskappe maak gewasboerdery onmoontlik (2)		
	Dit is moeilik om water uit hierdie landskappe vir besproeiing te gebruik aangesien die hellings van die canyon te ruig is (2)		
	Nedersettings is moeilik om te ontwikkel (2)		
	Moeilik om infrastruktuur te ontwikkel (2)		
	[ENIGE VIER – MOET NA BEIDE VOORDELE EN STRUIKELBLOKKE VERWYS]	(4 x 2)	(8)

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 Volhoubaarheid (1)
- 3.1.2 Kern-periferie (1)
- 3.1.3 Vryemark (1)
- 3.1.4 Vryemark (1)
- 3.1.5 Volhoubaarheid (1)
- 3.1.6 Kern-periferie (1)
- 3.1.7 Vryemark (1)
- 3.1.8 Kern-periferie (1) (8 x 1) (8)
- 3.2 3.2.1 C (nie-hernieubaar) (1)
- 3.2.2 H (suurreën) (1)
- 3.2.3 G (uraan) (1)
- 3.2.4 D (hernieubaar) (1)
- 3.2.5 F (koolstofvoetspoor) (1)
- 3.2.6 A (Kioto-protokol) (1)
- 3.2.7 B (hulpbron) (1) (7 x 1) (1)
- 3.3 3.3.1 Hulp wat een land/organisasie aan 'n ander land verskaf.
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Voedsel (1)
Medisyne (1)
Geld (1)
Tegnologie (1)
Dienste (1)
[ENIGE EEN – AANVAAR VOORBEELDE VAN BOGENOEMDE]
(1 x 1) (1)
- 3.3.3 Ontwikkeld (MDC) (1) (1 x 1) (1)
- 3.3.4 Hy is die een wat hulp verleen (1)
Hy is die een wat hulpbronne in ruil neem (1)
Die ander persoon (ontwikkeland) in die strokiesprent is swak
aangetrek (1)
Die swak geklede man stel Afrika voor, soos aangedui deur die
etiket om sy nek (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)
- 3.3.5 Skenkerlande verleen hulp met voorwaardes daaraan verbonde (2)
Hulp bevoordeel skenkerland meer as ontvangerland, aangesien
natuurlike hulpbronne uitgeput gaan word (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

- 3.3.6 Tegnologie word voorsien om te help met ontwikkelingsprojekte (2)
 Dit sal werk skep (2)
 Mense leer nuwe vaardighede, aangesien hulle opgelei word in die nuwe tegnologie (2)
 Skenkerlande gee kundige advies en help om probleme op te los (2)
 Tegniese ontwikkeling help met die groei van sekondêre en tersiêre sektore in 'n ontvangerland (2)
 [ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
- 3.4 3.4.1 Vinnige industrialisasie in 'n land om goedere uit te voer (1)
 [KONSEP] (1 x 1) (1)
- 3.4.2 (a) Brandstowwe (1) (1 x 1) (1)
 (b) Vervaardigde goedere (1) (1 x 1) (1)
- 3.4.3 Beide lande het 'n buitengewone hoë verskuiwing in aanvraag vanaf China (2) (1 x 2) (2)
- 3.4.4 **2010**
 Meer uitvoere vanaf sub-Sahara Afrika na China (2)
 Sub-Sahara Afrika het 'n gunstige handelsbalans teenoor China (2)
 [ENIGE EEN]
- 2016**
 Meer invoere as uitvoere vanaf China (2)
 Sub-Sahara Afrika het 'n negatiewe handelsbalans teenoor China (2)
 [ENIGE EEN]
 [BEIDE 2010 EN 2016 MOET BESKRYF WORD] (2 x 2) (4)
- 3.4.5 Hulle sal hul eie grondstowwe veredel en uitvoer teen hoër pryse (2)
 Minder afhanklikheid van hoër prys vervaardigde invoere (2)
 Meer finansies vir industrialisasie of nywerhede (2)
 Dit sal hoë invoerkoste vermy (2)
 Vaardighede van werkers neem toe namate meer nywerhede ontwikkel as gevolg van die vermenigvuldigingseffek (2)
 [ENIGE DRIE] (3 x 2) (6)
- 3.5 3.5.1 Afskakeling van elektrisiteit aan verbruikers oor 'n kort periode (1)
 [KONSEP] (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Onderhoud van kragentrales (1)
 Steenkooltekorte (1)
 Besighede open op die 15^{de}, wat groot gebruikers van elektrisiteit is (1)
 Skade aan kragtransmissie-verbindings (1)
 [ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)

- 3.5.3 Dit veroorsaak die afbreek van die omgewing omdat steenkool gemyn moet word om in hierdie stasies te verbrand (2)
 Vaste afval wat deur steenkoolverbrandende kragstasies geproduseer word, word gestort en giftige stowwe sypel grondwater binne (2)
 Vrygestelde koolstofdioksied dra tot klimaatsverandering by (2)
 Swaeldioksied en stikstofoksiede veroorsaak suurreën (2)
 Suur reënwater vloei in strome en in grondwater (2)
 Koolwaterstowwe dra by tot rookmis (2)
 Dit veroorsaak lugbesoedeling (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 3.5.4 Daar is 'n groot hoeveelheid steenkool wat in Suid-Afrika ontgin word (2)
 Die land het nie genoeg belê in die gebruik van ander bronne van konvensionele en nie-konvensionele energiebronne nie (2) (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Dit sal werkloosheid veroorsaak vir mense wat in die mynbedryf werksaam is namate die vraag na steenkool afneem (2)
 Steenkoolmyndorpe sal 'n afname in hul ekonomie hê en 'n afname in die bevolkingsgetalle veroorsaak (2)
 Ondernemings sal ly as gevolg van 'n afname in kraglewering (2)
 Vaardigheidsverbetering en opleiding van werkers het finansiële implikasies (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 3.6 3.6.1 Die verlies of verwydering van vrugbare bogrond teen 'n groter tempo as wat dit weer kan vorm (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 3.6.2 **A** – Terrassering (1)
B – Wisselbou (1) (2 x 1) (2)
- 3.6.3 Verhoed oorbeweiding oor die gebied (2)
 Die rotasiemetode gee grond 'n periode om te herstel (2) (2 x 2) (4)
- 3.6.4 Voorkom minder gronderosie, daarom bly grond langer vrugbaar (2)
 Dit is moontlik om hoër opbrengste te handhaaf of te produseer (2)
 Gebruik minder water of besproeiing omdat die watertafel onderhou word (2)
 Die ontwikkeling van dongas is minder, dus beter / veiliger vervoernetwerk (2)
 As gevolg van vrugbare bogrond, is die lewende hawe / gewasse van goeie gehalte, wat groter winste verseker (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
[75]

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 H (menslike ontwikkelingsindeks) (1)
- 4.1.2 E (bruto nasionale produk) (1)
- 4.1.3 F (geslagsongelykheid indeks) (1)
- 4.1.4 C (handelsbalans) (1)
- 4.1.5 B (betalingsbalans) (1)
- 4.1.6 A (bruto binelandse produk) (1)
- 4.1.7 D (Gini-koëffisiënt) (1) (7 x 1) (7)
- 4.2 4.2.1 Bio-brandstof (1)
- 4.2.2 Windenergie (1)
- 4.2.3 Sonenergie (1)
- 4.2.4 Geo-termiese energie (1)
- 4.2.5 Bio-brandstof (1)
- 4.2.6 Sonenergie (1)
- 4.2.7 Golfenergie (1)
- 4.2.8 Windenergie (1) (8 x 1) (8)
- 4.3 4.3.1 'n Handelsversperring is 'n struktuur of regulasie wat deur regerings ingestel word om handel te beheer (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Tariewe (1)
 Kwotas (1)
 Sanksies (1)
 Embargo's (1)
 Subsidies (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)
- 4.3.3 Hy wil hê dat sy produkte verkoop word sonder om belasting te betaal (1)
 Sy produkte sal dus goedkoper wees as plaaslike produkte (1)
 Hy wil hê dat soveel as moontlik van sy land se produkte in ander lande verkoop word (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)

- 4.3.4 Om werk in hul land te beskerm (1)
 Om plaaslike produkte teen buitelandse mededinging te beskerm (1)
 Om industriële groei in hul land aan te moedig (1)
 Om hul land te beskerm teen minderwaardige / gevaarlike produkte (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)
- 4.3.5 Hulle sal mededingend kan handel dryf (2)
 Hulle sal aktief betrokke wees by die bepaling van billike pryse vir hul produkte (2)
 Dit sal sosiale ontwikkeling vir arm gemeenskappe tot gevolg hê (2)
 Dit sal vir werkers beter werksomstandighede waarborg (2)
 Hulle sal in winste deel (2)
 Dit sal geslagsgelykheid aanmoedig (2)
 Die fokus sal op omgewingsvolhoubaarheid wees (2)
 Dit sal infrastruktuurontwikkeling in ontwikkelende lande tot gevolg hê (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
- 4.4 4.4.1 Stelsels wat alle lande in die wêreld met mekaar verbind /
 Ekonomiese, sosiale, politieke en kulturele aktiwiteite van lande regoor die wêreld word met mekaar verbind (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Meer mense kan hul lande verlaat en in 'n globale arbeidsmag werksaam wees (1)
 Makliker om tussen lande te beweeg (1)
 Verbeterde telekommunikasie sorg vir 'n onderling verbonde arbeidsmag (1)
 Oordrag van finansies is makliker vir familieledede (1)
 Handel en politieke verhouding tussen lande is beter (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 4.4.3 (a) multinasionale korporasies (1) (1 x 1) (2)
- (b) Samsung (1)
 Nokia (1)
 Microsoft (1)
 BMW (1)
 CITI (1)
 HP (1)
 Google (1)
 Marlboro (1)
 Gillette (1)
 McDonalds (1)
 Coca Cola Nescafe (1)
 Walt Disney (1)
[ENIGE EEN] (2 x 1) (2)

- (c) Globalisering het die ontwikkeling van MNK's in verskillende wêrelddele vergemaklik (2) (1 x 2) (2)
- (d) Werksgeleenthede word geskep (2)
 Plaaslike mense word opgelei en vaardighede word oorgedra (2)
 Beter salarisse en werksomstandighede word aangebied (2)
 Armoede word verminder (2)
 Verhoogde toegang tot die verspreiding van kennis en innovasies (2)
 Sommige van die winste uit MNK's word in die gasheerland behou en herbelê (2)
 MNK's vestig vennootskappe met gemeenskappe wat lei tot sosio-ekonomiese opheffing (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Groot vraag na grondstowwe lei tot uitputting (2)
 Die benutting van hulpbronne lei tot ekologiese skade (2)
 Globalisering lei tot buitensporige hoeveelhede lug-, water- en omgewingsbesoedeling (2)
 Die konstruksie van nuwe infrastruktuur benadeel die omgewing (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.5 4.5.1 Suid-Afrika se volhoubare ontwikkeling in aksie (1)
 'n Sisteem van ekonomiese aktiwiteite wat lei tot beter menslike welstand, terwyl toekomstige geslagte nie aan beduidende omgewingsrisiko's of ekologiese skaarste blootgestel word nie (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Die Groen Ekonomie neem omgewingsvriendelike praktyke aan wat fokus op bewaring en preservering van die omgewing (2)
 (1 x 2) (2)
- 4.5.3 Die afhanklikheid van nie-hernubare energiebronne soos steenkool te verander na hernubare energiebronne (2)
 Gebruik doeltreffender beskikbare energie (2)
 Die vermindering van ons koolstofvoetspoor (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.5.4 Die regering kan produsente van hernubare krag toelaat om elektrisiteit aan nywerhede te voorsien (2)
 Hulle kan subsidies instel om nywerhede aan te moedig om oor te skakel na groener tegnologieë (2)
 Dit kan industrieë wat oormatige rook in die atmosfeer uitstraal, beboet (2)
 Moedig industrieë deur selfregulering aan om koolstofproduksie te verminder deur hulle toe te laat om ooreenkomste te onderteken (2)
 Die ontwikkeling van die groen ekonomie deur verbruikers aan te moedig om etiese keuses te maak by die aankoop van produkte uit nywerhede wat hoë koolstofuitsette het (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)

4.6	4.6.1	Konvensioneel (1)	(1 x 1)	(1)
	4.6.2	Hierdie energiebron vertrou op nie-hernubare hulpbronne (1)	(1 x 1)	(1)
	4.6.3	'Wag! Stop! Bou dit terug!' (1)	(1 x 1)	(1)
	4.6.4	Kernkrag is 'n skoner energiebron omdat dit minder kweekhuiskasse produseer as fossielbrandstowwe (2)	(1 x 2)	(2)
	4.6.5	Fossielbrandstowwe is nie-hernubaar en raak uitgeput (2) Die regering kan nie meer die ontginning van fossielbrandstowwe subsidieer nie (2) Internasionale pryse vir fossielbrandstowwe verhoog (2) Hoë verbruik / gebruik weens verhoogde bevolkingsgetalle en industrialisasie (2) [ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
	4.6.6	Laer langtermyn onderhoudskoste by die aanleg (2) Minder duur skoonmaak-operasies weens minder besoedeling tydens energie-opwekking (2) Kernkrag se produksie is baie hoër, daarom is minder energie nodig as ander energiebronne (2) Onderhoud van die aanleg skep volhoubare werksgeleenthede (2) [ENIGE DRIE]	(3 x 2)	(6)
				[75]

TOTAAL: 225